# Vertroue in God II

Laat God toe om jou te verander

Ps Karl Holz

---

**Exodus 16:2-3**

In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset 3 en gesê: "As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom."

---

*Waarna smag jy?*

**Mattheus 5:6**

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

---

Fillipense 2:12-13

12 My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, 13 want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

---

20 Josua het die twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan saamgebring het, in Gilgal opgestel 21 en vir die Israeliete gesê: "As julle kinders eendag hulle pa's vra: 'Wat beteken daardie klippe?' 22 moet julle die kinders inlig en sê: Israel het op droë grond deur hierdie Jordaanrivier gegaan.

---

23 Die Here julle God het die Jordaan se water voor julle laat opdroog sodat julle kon deurgaan, net soos Hy met die Rietsee gemaak het toe Hy dit voor ons laat opdroog het sodat ons kon deurgaan. 24 Hy het dit gedoen sodat al die volke van die aarde kan besef dat die mag van die Here groot is, en sodat julle die Here julle God altyd sal dien.



**Exodus 5:1-2**

Daarna het Moses en Aäron na die farao toe gegaan en gesê: "So sê die Here die God van Israel: Laat my volk gaan om tot my eer 'n fees in die woestyn te vier." 2 Maar die farao het geantwoord: "En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!"



**Exodus 7:3-5**

Maar Ek sal die farao hardkoppig maak, sodat Ek baie tekens en wonders in Egipte kan doen. 4 Hy sal wel nie na julle luister nie, maar dan sal Ek Egipte my mag laat ervaar: met groot reddingsdade sal Ek die stamme van my volk Israel uit Egipte bevry.



5 As Ek Egipte tref, sal hulle besef dat Ek die Here is, en dan sal Ek Israel tussen hulle uit laat trek."



**Esegiel 36:23**

Ek sal die heiligheid van my groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is," sê die Here my God.



**Filippense 3:7-11**

7 Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8 ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry



9 en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. 10 Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood,


11 in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.


Romeine 7:15
Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.


1 Thessalonicence 4:1-4;7
1En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe.


7 God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.


2 Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. 3 Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. 4 Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe;